# BOEKBESPREKING

**„'n Afrikaans-Handleiding"** deur C. P. van der Merwe en W. Kempen. 'n Reeks taalboekies vir standerds I en II (in een band) (4/9), std. III (3/6), IV 4/6, V (4/6), VI (4/6). Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1948.

Die skrywers stel hulle doel met hierdie boekies baie duidelik in die voorwoord: „Die doel van hierdie reeks is dan ook om die leerling (en die leerkrag?) voor te lig en in staat te stel om op taalkundige gebied stelselmatig van standerd tot standerd voort te bou, sodat die laerskool aan die einde van standerd ses vir die hoërskool 'n hegte grondslag sal gelê het om op voort te bou.

„Die kerngedagte was deurgaans om die leerling soveel moontlik die regte vorme te laat sien; dan kan die meeste aantekening-afskrywery (wat so tydrowend is en boonop verkeerd gedoen word) maar gestaak word. Daar is immers net een manier om sekere dinge ingang te laat vind en dit is om die regte vorm te laat sien en te laat leer."

Hulle stel ewe duidelik dat die metodiek grootliks buite hulle bestek val. Dit is ook nie boekies wat, soos die moderne tipe taalboekies, op leesstof gebou is nie, maar hulle wil „'n minimum kennis van die grammatika as sodanig" bring. Die skrywers spreek hulle dan ook uit teen die „toevallige manier" van taalkennis aanbring. Dit beteken darem nie dat hulle nie met die lewende taal werk nie. Hulle probeer die grammatika stelselmatig by die verskillende klasse tuisbring deur ook van die lewende taal gebruik te maak, en regstreeks die grammatika-kennis aan die kind te bring. Die werk is gegradeer om by die verskillende standerds te pas. Deurgaans volg daar kort oefeninge oor die werk wat verduidelik is. Uitgebreide oefeninge is daar nie, maar dis ook nie die samestellers se doel nie omdat hulle veronderstel dat die klasonderwyser wel self die nodige oefeninge kan saamstel waar die boekies die rigting van die te behandelde taalstof aangetoon het.

Sover is hierdie boekies goed. Maar juis die feit dat die so nodige oefeninge grootliks ontbreek, verminder die waarde van die reeks. Dit is maar 'n moeisame werk vir die onderwyser om self sy oefeninge op te stel. Veral die gedeeltes oor die opstel en die brief is om hierdie rede teleurstellend. Die onderwyser se probleem is nie om te weet wat nodig sal wees vir goeie taalgebruik in opstel en brief nie, maar juis hoe hy daardie eise by die leerling kan inskerp. En dit word hom nie gegee nie. Die paar oefeninge wat hieroor gegee word, is van dieselfde soort as die gewone. Sou daar dan geen oplossing wees vir die probleem hoe om die kind die taal goed te leer skryf in opstel en brief nie? Die skrywers stel dat hulle die mondelinge opstel as baie belangrik ag as voorrwaarde vir die skriftelike opstel, maar hulle laat die behartiging daarvan aan die onderwyser oor. Ook hierdie terrein is moeilik beredderbaar en daarom sou ek dit hoog op prys gestel het as hulle hieroor iets meer

substantiefs kon bied. Dat dit 'n uiters persoonlike saak is, weet ek wel, maar dit wil nog nie sê dat diegene wat ver in die praktyk gevorder het nie iets vir ons te sê het nie.

Hierdie boekies kan baie nuttig gebruik word deur diegene wat hulle op die standpunt van die skrywers stel, nl. 'n stelselmatige behandeling van die grammatika i.p.v. die leer van die grammatika op toevallige wyse uit leestof of volgens spelreëls.

H. J. J. BINGEL.

* * *

N. Fourie: **Die Vlugteling.** Nasionale Pers, Bloemfontein, 1948. 145 bll. 7/-.

Dit is 'n kort speurverhaal. Die vertelling is vlot en spannend. Veel karakteruitbeelding is daar nie; die hoofdoel wat goed bereik word, is die spannende verhaal en sy ontknoping. Die taal is goed versorg en die druk, letter en band keurig. Vir 'n ledige uurtjie word dit aanbeveel.

C.

* * *

J. van Elders: **Diepkuil.** Nasionale Pers, Bloemfontein, 1948. 245 bll. 9/6.

Nog 'n speurverhaal, maar van 'n veel hoër gehalte as die van Fourie. Van Elders vertel vlot en aangenaam; sy rol is goed versorg. Na lesing van die verhaal bly daar iets in die gees agter: die hoofkarakters veral speurder Van Staden, is simpatiek en skerp geteken. Dit is 'n egte „puzzle" wat 'n mens laat bly raai tot amper die end. Die gebeurtenisse is nergens onwerklik nie —die verhaal kon selfs die alledaagse lewe van elke mens beskryf het, mits daar darem 'n paar pogings tot moord voorkoms. Uitsonderlik is die verhaal daarin dat moord as sodanig nie voorkom nie, maar wel pogings daartoe.

Mooi uitgegee.

C.

* * *

P. C. Schoonees: **Verskeidenhede.** Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1948. 242 bll. 12/-

Dit is 'n bundel versamelde gedagtes (bl 1-40) en 'n bundel opstelle (41- ). Die gedagtes is besonder prikkelemd. soms self heel oorspronklik—dit gaan hier oor alles en nog wat.

Die opstelle is van blywende waarde. Schoonees skryf o.a. oor: kanseltaal, literêre herinneringe veral oor Jan Cilliers, die Bybel, kritiek, kultuur, onderwys, toneel, voordrag en veral die Groot Woordeboek. Ek het die opstelle die een na die ander met genot en vrug gelees. Schooness is 'n man van ryp ervaring, grondige deursig en selfstandigheid. Styl, taal en spelling is alles in orde. Die uitgawe is mooi, maar die prys is darem baie hoog.

J. Chr. COETZEE.

* * *

P. Prins, e.a.: **Als de Ziele Luistert.** Dykstra's Uitgeverij, Zeist, Nederland. s.j. 366 bll. 6.75 gulden geb.

Dit is 'n Bybelse dagboek. Die skrywers is almal van gereformeerde geloofsoortuiging: elk van die twaalf versorg die oordenkings vir 'n maand. Dr. Prins skryf vir Januarie en ds. C. B. Bavinck in Desember; ander bekende name is dr. K. Dyk, di H. Veldkamp en J. C. Wielinga.

Vir elke dag is daar 'n passende teks en 'n kort kragtige oordenking. Ons kan die dagboek heelhartig aanbeveel: Afrikaanse vaders kan die Nederlands al lesende in Afrikaans oorsit: alles is so eenvoudig en duidelik.

Die boek is pragtig uitgegee: nette band, mooi letter, dowwe papier en helder maar kleinerige letter.

J. Chris. COETZEE.

* * * *

F. Steyn: **Die Verste Blou Berge.** Nasionale Pers, Bloemfontein, 1948. 239 bll. 9/6.

Fritz Steyn is 'n baasverteller van avontuurverhale, veral uit die Afrikaner se verlede. Seuns lees sy werke met genot. In hierdie verhaal vertel hy van 'n jong man uit die Vrystaat wat 'n Transvaalse plaas in die Lydenburgse distrik kom beset

het ten tyde van die Sekoekoeni-oorlog. Steyn is besonder lief vir die vrye natuur en wy heelwat ruimte aan natuurbeskrywings – hy doen dit met liefde en oortuiging. Die verhaal is vlot inmekaar gesit, vol pakkende gebeure – nie te vergeet sterk liefdesgebeure nie –, die taal is goed versorg. Dit is 'n fris boek wat oud en jonk met vrug kan lees.

Soos alle uitgawes van die Nasionale Pers, is die boek keurig uitgegee. Meen die pryse vir ligte lektuur is darem oor die geheel te hoog.

C.

* * *

H. J. J. Bingle en G. J. Potgieter:—**Studies oor die Godsdiens op Skool.** J. L. van Schaik, Pretoria,1948; 331 bls.

Hierdie werk vorm no. 2 van „Bydraes tot die Opvoedkunde" onder redaksie van prof. dr. J. Chr. Coetzee, wat ook die voorwoord geskryf het, en is moontlik gemaak o.m. deur 'n skenking van die Raad van die P'U.K. vir C.H.O. Dit bevat drie verhandelinge in verkorte vorm nl. die M.Ed.-verhandeling (1935) van dr. H. J. J. Bingle van die P.U.K. vir C.H.O., die M.Ed. verhandeling (1937) van mnr. G. J. Potgieter van die Afrikaanse Hoër Seunsskool Pretoria en die D.Phil.-dissertasie (1940) van dr. Bingle. Agtereenvolgens het ons dan: die meting van Bybelkennis; die godsdienstige voorstellinge van kinders; enkele godsdienstige opvattinge van die Middelbare-skoolleerling.

Die boek bevat 'n verbluffende hoeveelheid materiaal, veral van statistiese aard. Iemand wat nie in die geheime van die statistiek ingelyf is nie, staan totaal verbysterd! Al wat oor die godsdiens op skool gesê kan word, is hierin gesê en die persoon wat godsdiensonderwys gee sal ongetwyfeld met die resultate rekening moet hou.

Vir my as teoloog is die konklusies die mees waardevolle element, mits onthou word dat ons met bloot emperiese gegewens te doen het. Dit wil sê dat ons rekening moet hou met die feit dat huiskatkisasie, kategetiese onderwys en godsdiensonderwys op skool nie altyd is wat dit moet wees nie en dat by die keuse tussen die suggesties raaiwerk 'n groot rol speel.

Ek moet eerlik erken dat ek as leek, tot 'n groot mate skepties staan teen die hele idee van kennismeting soos dit deur pedagoë gedoen word. Dit lyk so na 'n meganisering en veratomisering van die kenprosesse. Maar 'n mens het respek vir die massa van versamelde gegewens. Ek herhaal: die dosent in godsdiensonderwys kan sonder hierdie studies nie klaarkom nie, veral ook omdat hy hier presies sal leer waar die korrektief moet inkom.

Die skrywers en die uitgewers het aan ons volk 'n groot diens bewys, juis op hierdie tydstip waar dit lyk asof die godsdiensonderwys weer tot sy reg sal kom.

Druk en uitvoering is besonder netjies.

S. d. T.

* * * *

Dr. H. J. J. Bingle: **Die Godsdienstige Leiding van die Voorskoolse Kind.** Voortrekker Pers, Johannesburg, 1948. (No. 2 van die „Kinderopvoeding reeks", onder redaksie van prof. dr. B. F. Nel), 85 bls.

Tereg word in die voorwoord van prof. Nel gesê dat dr. Bingle nie alleen in die onderwerp belangstel nie, maar dat hy 'n deeglike studie gemaak het en met gesag kan skrywe. Dr. S. P. van der Walt wat die manuskrip deurgelees het, getuig volgens die voorwoord: „Ons is dankbaar vir die wyse waarop dr. Bingle sy werk doen. Sy uitgangspunt en behandeling is volgens Gods Woord en 'n suiwer belydenisstandpunt word deurgaans gehandhaaf. Die Skrifgelowige en tegelyk wetenskaplike en tog eenvoudige behandeling is meeslepend."

Die waardevolle van die werkie lê daarin om weer dr. Van der Walt te kwoteer—dat hier „maak-en-breek"- op-

trede vervang word deur sinpatieke meelewing en gesagvolle leiding. Nie alleen ouers sal die boek profytlik vind nie, maar alle opvorders van jong kindertjies (aldus prof Nel).

In hoofstuk I word die probleem gestel; in hoofstuk II word die faktore binne en buite die kind genoem wat met die godsdienstige opvoeding verband hou; hoofstuk III handel oor godsdienstige leiding en hoofstuk IV sluit met enkele slotopmerkinge. In twee bylaes word aangetoon hoe die Bybelse Geskiedenis aan klein kindertjies vertel moet word.

Die boek is iets heeltemal nuuts op hierdie gebied en ons wil die hoop uitspreek dat dit 'n wye leserskring sal vind. Dr. Bingle toon ook hier weer dat hy hom met sy hele wese oorgegee het aan hierdie arbeid en ons kan dankbaar wees dat ons so iemand het.

Juis omdat ek die werk so hoog ag moet 'n paar opmerkinge my uit die pen, veral met die oog op 'n eventuele herdruk. Die uitgangspunt van dr. Bingle is naamlik korrek: die wedergeboorte is God se werk—die opvoeding in die kennis van die saligheid is ons werk. Maar juis daarom kry ek die indruk dat te veel waarde geheg word aan wat genoem word „die inherente gawes" van die kind en te min rekening gehou word met die feit dat die opvoeder te doen het met 'n wese wat in sonde ontvang en gebore is. Veel meer moes die nadruk geval het op die verbond en die beloftes van God en veel minder op die sielkundige toerusting van die kind. Uiteindelik lê die gebruik wat van die kind se weetdrif, afhanklikheidsgevoel ens. gemaak kan word, heeltemal in die periferie. Ek vrees dat die indruk gewek kan word dat die opvoeder deur gebruik te maak van al die psigologiese middels 'n rol speel wat buite verhouding tot die werklikheid is.

Ek noem 'n paar uitsprake wat misverstaan kan word. „Jou kind—alle kinders—ken droefheid en vreugde in sy lewe. . . . Kan jy nie hierdie droefheid as die angs oor die oortreding van God se wette laat ervaar nie? Blydskap—kan jy sy vreugde nie lei tot ware vreugde in God nie" (bl. 28). „Onbewus by die kind word sy siel (tussen die eerste en derde lewensjaar) vir die daad van die geloof voorberei. Hy word deur die ouer in die sfeer van aanbidding ingelei nie gewillig nie maar op gesag." In dieselfde verband word verklaar dat die godsdienstige beginsel" aan die kind al voor sy geboorte deur God aan die kind geskenk is.

Ons vra: is die godsdienstige beginsel die wedergeboorte? Maar ons weet nie wanneer dit deur God gewerk word nie—dit kan voor of na die geboorte wees. En dan: moet die ouer die kind vir die daad van die geloof" voorberei? Is daar 'n sekere staduim waarop die geloof bewus deurbreek?

Op bl. 42 haal die skrywer 'n uitspraak van mev. Mumford aan ,blykbaar met instemming wat daarop neerkom dat deur die gebedshouding van die moeder „onbewus 'n godsdienstige gesindheid ingedra word" in die lewe van 'n kindjie van **'n paar dae oud.** „Dit is asof daar op mistieke wyse 'n geestesrapport tussen ouer en kind ontstaan." Hier staan ek totaal oorbluf.

'n Sin as die volgende kan ek ook gladnie onderskryf nie: „Van jou as ouer ontvang jou kind sy liggaam en sy siel deur die die genadige algemene werking van die Heilige Gees, maar sy gees ontvang hy deur die besondere skepping van God."

Ons weet dit is almal netelige punte, maar juis daarom moet so uiters versigtig gehandel word. As die leser egter in gedagte hou wat dr. Bingle as uitgangspunt gestel het: dat die geloof 'n gawe van God is—dan sal hy op sy hoede wees om nie te veel van die „inherente gawes" te verwag nie en veel profyt uit die werkie trek

S.d.T.